

God laat die donker toesak – met 'n doel

God was jare lank baie geduldig met sy volk. Hy het talle profete gestuur om hulle te waarsku. Hy het hulle telkens gestraf. Uiteindelik het die Here hulle met 'n ongekende ellende getref. Die stede van Juda het een na die ander geval voor die aanslag van die leërs van Nebukadnesar. Tydens die maandelange beleg van Jerusalem het dit verskriklik sleg met die inwoners gegaan. Die kos en water was later gedaan. Ryk en arm, groot en klein het van honger gesterf (2:21). Gesteister deur honger het van die vroue selfs hulle eie kinders geëet (2:20). As gevolg van ontbindende lyke het pes uitgebreek (1:20). Uiteindelik is Jerusalem ingeneem, die tempel is geplunder, die stad is verwoes, en die hele volk is weggevoer na Babilonië.

Waarom doen die Here dit? Beproeving van kinders van God is nie maar blote aanslae van die Bose nie. Satan kan dit wel gebruik om ons te versoek. In sy diepste wese het beproewing uit die hand van die Here 'n positiewe doel. Dit kan byvoorbeeld dien tot geloofsverdieping (Rom 5:3-6), en nog baie meer. Beproeving word op 'n wonderlike wyse ingevleg in die planne van God om sy doeleindes te bereik (kyk Gen 50:20).

Die digter is baie bewus van die besondere goedheid van God teenoor sy kinders. In die allermoeilikste omstandighede bely hy: *Laat hy (die beproefde) in sy eensaamheid geduldig bly as God hom die las opgelê het, dit is goed vir 'n mens om sy las in sy jeug te dra* (3:28, 29). Hy weet met helder insig: Hulle beproewing is nie die Babiloniërs se skuld nie. Dit is God wat in sy groot genade hulle nou met harde slae tug – harder as ooit vantevore. Hulle moet tot indringende selfondersoek kom en hulle bekeer van die pad van selfvernietiging (3:40).

Ons weet dat volharding in sonde uiteindelik tot geestelike dood lei (Jak 1:13-15). Skuldbelydenis is egter die beginpunt van 'n vreugdevolle nuwe lewe in Christus (1 Joh 1:8-10; Heb 12:4-12).

Sing: Psalm 130:1-4 (1936)

Ds APC Duvenage (Emeritus)